# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

**October/Oktober 2025**

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

***Jeugskou Wenners Upington 2025***



Suzette Abbink, wenner van die Sierduifklas.




*PB Marais, algehele wenner van die Sierduifklas*





William Hewitt en Isago Morang, wenners van die Vliegduifklas, Junior en Senior.

***Aviomed Online Show Winners***



**Champion Bird 2025 -**
**Schietti Modena**
**Lauschagne & Muller**
**Judge: Jim Vines**



**Reserve Champion**
**Gazzi Modena**
**Seppie Esterhuisen**
**Judge: Jim Vines**



**1st Reserve Champion**
**Mookee**
**Phillip Lee**
**Judge: Christo Munnik**

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

## *Ere-Presidente / Honorary Presidents*

*Mnr. Warren Klopper* | *Mr. Clive Druce* | *Mr. Stewart Patterson* | *Mnr. Wynand Wessels*

*Ds. Renier Lee* | *Mnr. Pierre le Roux* | *Ds. Hennie Hattingh*

## *Uitvoerende Komitee / Executive Committee*

### *Nasionale / National President*

***Dirk Scholtz, Posbus 21110, Nelspruit. 1200 Sel: 082 452 4229 E-pos: dirk@harmonie@co.za***

### *Nasionale Vise-President / National Vice-President: (Gekoöpteer)*

***Leendert Snyman, Posbus 41, Griekwastad, 8365, Sel: 083 286 8496, E-pos leendert270@gmail.com***

### *Nasionale Sekretaris / National Secretary: (Gekoöpteer)*

***Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,***

***E-pos: plakkers@wol.co.za***

### *National Treasurer / Nasionale Tesourier:*

***Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com***

### *National Ring Master / Nasionale Ringmeester:*

***Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,***

***E-pos: safpa.rings@telkomsa.net***

### *Nasionale Redakteur / National Editor:*

***Cora Munnik, 37 Protea St, West Driefontein, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com***

### *Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:*

***Christo Munnik, 37 Protea St, West Driefontein, Carletonville, 2499 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com***

### *Nasionale Jeugverteenwoordiger / National Youth Representative*

***Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082-855-0089 E-pos: pietodendaal01@gmail.com***

### *Webmeester / Webmaster*

***Marleen Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel:*** *061 661 7420*

***E-pos: marleenesterhuizen@gmail.com***

### *Streekverteenwoordigers / Region Representatives*

***Noord-van-die-Vaal:** **Shaun Smeda, 6 Shirley Road, Valhalla, Centurion, 0185 Sel: 072 190 0345,***

***E-pos:*** *vitageblylekker@gmail.com*

***Vrystaat:** **Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,***

***E-pos: plakkers@wol.co.za***

***Wes Kaap:** **Pieter Neethling, 21 St Thomas Street, Malmesbury, 7322 Sel: 081 397 9960***

***E-pos: thehaircorporation12@gmail.com***

***Noord-Vrystaat:** **Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,***

***E-pos: pietodendaal01@gmail.com***

***Oostelik Streek:** **At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,***

***E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com***

***Noord Kaap:** **Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,***

***E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com***

***Oostelike Provinsie:*** *Johnny Rudman, Posbus 87, Seaview, Nelson Mandela Bay, 6011 Sel: 0839554607,*

*E-pos: johnnyrudman49@gmail.com*

***Suid Westelike Distrikte:** **Arthur Muller, Condonstraat 37, Oudtshoorn, 6620 Sel: 072 821 9400***

***E-pos Amuller@capekarooint.com***

***Wes-Transvaal:** **Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,***

***E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com***

***KwaZulu-Natal:** **Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,***

***E-Pos: duanesschwarz70.co.za***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Algemene inligting van die SASV 2

Voorwoord - Piet Odendaal 3

Die 74ste Duitse Nasionale Sierduifskou - Jan Lombard 4

SWD Presteer goed tydens 2025 Aviomed Online Skou - Arthur Muller 6

“Noord van die Vaal” Pigeon exhibition in Roodepoort - Sevvy de Bruin 8

Nasionale Jeugskou Kampioenskappe, Upington, 2025! - Seppie Esterhuysen 9

Scoreboard and rules 22


***Nuwe Lede / New Members***

**Geen**

***Verjaarsdae / Birthdays***

| | | | |
|---|---|---|---|
| D022 - | Hein | Hoffman | 07-Nov |
| K045 - | Lionel | Phillips | 07-Nov |
| H080 - | At | Nigrini | 08-Nov |
| D040 - | Frik | Butler | 09-Nov |
| C023 - | Jannis | Esterhuizen | 12-Nov |
| W026 - | Bertie | Wessels | 12-Nov |
| W038 - | Kitty | Botes | 12-Nov |
| N026 - | Wayne | Nicholson | 17-Nov |
| N056 - | Shane | Pollock | 19-Nov |
| B004 - | Nollie | Oosthuizen | 24-Nov |
| J002 - | Johan | Nel | 25-Nov |
| B022 - | Werner | Schoombie | 26-Nov |
| H063 - | Pieter | Neethling | 27-Nov |
| B059 - | Chris | Engelbrecht | 28-Nov |
| B024 - | Willie | van Zyl | 28-Nov |



## Voorwoord

Piet Odendaal

**ONS MOET NOOIT VERGEET NIE……**

Dit is weereens vir my ‘n voorreg om die maand die voorwoord van “Die Sierduif” te doen. Ek vertrou dat dit met al die lede en hul duiwe goed gaan. Die duiwe broei nou volstoom en die jaar jaag na sy einde toe.

Nou wat moet ons nooit vergeet nie?

Die lewe het regtig in ‘n gejaag verander (Behalwe vir die pensionarisse wat die voorreg het om hul eie tyd te bestuur – dit is hulle voorreg), dat ons soms belangrike goed agterwee laat. By ons werk, huis en in ons organisasie, die SASV, is ons so besig om alles te organiseer, af te handel, na te jaag, te presteer en mense tevrede te hou, dat ons skoon vergeet om tussen deur net mens te wees.

Die bogemelde paragraaf is ‘n skets van my lewe en daarom het ek al lankal besef dat ek iets moet doen om soms net ‘n mens te wees anders mis ek die lewe en dan word my huis, my vrou en sommer alles wat saak maak afgeskeep.

Ek probeer om:

- Nie my huis en sy mense af te skeep nie, want dit is my veilige plek.
- My bande met familie- en vriende sterk te hou en te Koester.
- Om my honde kwaliteit aandag te gee, want hulle is altyd bly om my te sien.
- En nog baie meer…..

Maar om by ons as duiwe-vriende en mede-duiweboere uit te kom, moet ons onthou om ons duiwe te geniet en nie net skou-resultate na te jaag nie. Dit gebeur so maklik dat dit net in ‘n boerdery ontaard en dan mis ons soms die lekker van om ‘n duiwe-boer en duiwe-liefhebber te wees.


Dit is nou wat vir my geweldig baie beteken. Ek geniet my duiwe elke dag. Ek gesels met hulle, hou hulle vas, kyk elke dag hoe die kleintjies al gegroei het, gee kos, ring die kleintjies en wees sommer net ‘n gewone mens by my duiwe sonder ‘n gejaag, voorgee, prestasie en om iemand anders tevrede te hou. Dan kan ek sommer net gewone mens wees.

*ONS MOET NOOIT VERGEET OM ONS DUIWE TE GENIET NIE ……*

Duiwe-groete.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## Die 74ste Duitse Nasionale Sierduif-skou.

Jan Lombard

Dis vanjaar weer my voorreg om hierdie skou in Duitsland by te woon. Dit word vanjaar aangebied in Leipzig deur die Lipsia Rassegeflugelzuchterverein van 1869. Die skou val saam met Lipsia RZV se 129ste Bundesschau, en vind op die naweek van 5-7 Desember plaas. Beoordeling geskied op die Donderdag en Vrydagoggend, waartydens geen vertoner of publiek teenwoordig mag wees nie. Die skou open dan om 12h00 op die Vrydag en bly oop tot Sondag 14h00.

Die BDRG se Bundessiegerschau wat die naweek van 17-19 Oktober in Erfurt sou plaasvind is op 30 September afgestel wees die uitbreek van HPAI-Virus (Sub type H5N1) op 'n pluimveeplaas in die Griez distrik. Behalwe dat die Leipzig Messe (https://www.leipziger-messe.de/en/) seker een van die mooiste skouvenues is, het die afstel van die groot BDRG skou daartoe bygedra dat Leipzig 'n rekordgetal inskrywings getrek het. 25759 sierduiwe asook 15680 ander kleindiere (pluimvee, konyne en watervoels) is deur 3518 vertoners ingeskryf.

Die foto wys die sentrale glassaal, met 2 van die 5 sale (met die wit dakke). Die ander 3 sale is regs van die sentrale glassaal, en nie sigbaar op die foto nie. Defenitief 2 en dalk 3 van die sale sal vanjaar gebruik word.



37 Rasse se HSS (hoof spesiale skou) vind vanjaar daar plaas. Julle kan op die website gaan kyk vir die lys van SS (spesiale skoue). https://www.lipsia-rassegefluegel.de . Kyk onder "Lipsia Schau", en dan onder "Sonderschauen"

Leipzig is 'n baie interessante stad om te besoek. Die Leipzig Zoo met sy massiewe Gondwanaland suptropies glaskoepel is iets besonders. Die kersmark is ook een van die grootstes in Duitsland. 'n Besoek aan die St. Nicholas kerk (Nikolaikirche) is 'n moet! Dit is in die jaar 1165 gebou. Vanaf 1982 tot 1990 was daar elke Maandagaand 'n biduur vir Duitse eenwording (Leipzig is in die voormalige Oos Duitsland geleë), en word daar steeds elke Maandagaand gebid vir vrede.



Hieronder volg 'n lys van al die sierduifrasse wat meer as 100 inskrywings getrek het. 'n Beoordelaar beoordeel maksimum 70 duiwe, wat veroorsaak dat baie rasse deur meer as een beoordelaar gedoen word. Raswenners word glad nie aangewys nie. Elke duif kry 'n punt (maksimum 97).

| | |
|---|---|
| 114 | Rhine Ringbeaters |
| 150 | Felegyhazaer Tumblers |
| 118 | Komorner Tumblers |
| 442 | Oriental Rollers |
| 123 | English Longface Tumblers |
| 138 | Lausitzer Purzler |
| 202 | Elsterpurzler |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873


369 Koln Tumbler
103 Dutch Highfliers
169 Danzig Highfliers
246 German Longface Tumblers
208 Danish Tumblers
216 Italian Owls
188 Old German Owls
112 Classic Old frills
173 Chinese Owls
239 Old Dutch Capuchines
241 Frillbacks
125 Fantails
124 Indian Fantails
261 Altenburg Trumpeters
149 Franconian Trumpeters
322 Arabian Trumpeters
133 German Double Crested Trumpeters
127 German Nose Crested Trumpeters
181 Thuringer Spots
205 Thuringer Shields
328 Thuringer Wings
164 Nuremberg Larks
134 South German Shields
159 Starlings
247 Gimpels
141 Ice Pigeons
105 Bohemians
361 Brunners
157 Holle Cropper
450 Voorburg Shield Cropper
534 Steller Croppers
128 Thuringer Croppers
428 Selisean Croppers
183 Starwitz Croppers
198 Steiger Croppers
128 Elster Croppers
141 Hessian Croppers
184 Saxon Pouters
123 Reverswing Croppers
1961 Modenesers
317 English Modenas
723 `Kings
188 Indianers
128 Dragoons
394 Dutch Beauty Homers
226 Giant Homers
279 American Show Racers
112 Damasceners
147 Spaniards
161 Pracheners Kaniks
358 Moravian Strassers
742 Texan Pioneers
381 Polish Lynx
364 Strassers
209 Lahores
321 Mittelhausers
182 Coburg Larks
245 Cauchois

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub

***President: Bertie Wessels***
***e-mail: bertie_wessels@hotmail.com***
***Sel: 083 733 4191***
***Sekretaris: Ds Hennie Hattingh***
***e-mail: henniehattingh703@gmail.com***
***Sel: 082 923 3910***
***Prestigeskou*** *Augustus 2025*
*3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad*





## SWD Presteer goed tydens 2025 Aviomed Online skou.

Arthur Muller

Aviomed online duiwe skou en die prestasie van die SWD lede, al was dit nie ‘n skou soos almal dit ken nie.

Hierdie bied darem ook ‘n geleentheid om ons duiwe te vertoon al is dit op ‘n ander platvorm. Ek wil noem dat byvoorbeeld die modenas deur ‘n Amerikaanse beoordelaar gedoen is naamlik Jim Vines, een van die beste modena beoordelaars in die wêreld en hy het die duiwe wat deur die jaar op streekskoue presteer het in SA, weer uitgewys wat vir my ook ‘n pluimpie is vir ons plaaslike beoordelaars.

Ja, goeie foto’s is wel hier belangrik en wil ek vertoners aanmoedig om goeie fotos/videos deur die jaar al op skoue te neem en nie ‘n week voor die tyd nie, want om n duif in die regte aksie/houding af te neem vat tyd en baie geduld tesame met ander faktore wat n goeie of slegte foto bepaal.

Daar is 80 rasse vertoon en byna ‘n getal van 800 duiwe. SWD lede het 8 raswenners vertoon waarvan 6 rasse die top 30 behaal het en 2 rasse, 3 plekke in die top 10 behaal het. Ek plaas foto’s van die duiwe met eienaars se name vir plasing in “Die Sierduif” boekie. Geluk SWD vertoners, mag jul nog hoër hoogtes bereik in die toekoms.

Aan Harry Munnik en sy span tesame met Rodney Stevens, wil ek van SWD kant baie dankie sê vir wat jul doen vir die duiwe sport. Dankie ook aan die beoordelaars vir die moeilike taak wat aan jul toe vertrou was. Groot dank aan Aviomed vir goeie pryse wat deur verskillende vertoners gewen is en goed gebruik kan word.

Aan Dok Lappies, alle erkenning aan dok met die teel, verbetering en hulp aan mede modena telers oor baie jare. Die modenas deur verskillende telers in SA, word tans raakgesien deur die res van die wereld.

Duiwe Groete vanuit die SWD.




3rd Reserve Champion - Chinese Owl
Monia Muller
Judge: Cora Munnik




Best Young and best Nun
Johan Nel
Judge: Christo Munnik

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/  Cell: Cell: 061 661 7420




Best old and  best Swiss Mondain
Herman Hanekom
Judge: Hennie Hattingh




Best Old and  best Silesian Swallow
Johan Nel
Judge: Christo Munnik




Champion Bird 2025 - Schietti Modena
Lauschagne & Muller
Judge: Jim Vines




Best Young and  best Lahore
Johan Nel
Judge: Zaahid Abrahams

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## "Noord van die Vaal" Pigeon exhibition in Roodepoort

Sevanah De Bruin

On Sunday 28 September 2025, Noord van die Vaal in association with The Admissible Thoughts of Mrs Puff (hosted by Sevanah De Bruin) had a fantastic exhibition at the Whiskers and Wings, pet NPO market, hosted by Paws from Heaven and Rusty Hook in Roodepoort. We had a fantastic day out, exhibiting three breeds; Jacobin, Old Dutch Capuchin and Mookee, with the goal of inspiring the general public to take up our amazing hobby.

The day began with a set up of a show pen, along with show cage cards, turf flooring and a hessian backing to portray and example of how cages are set up and prepared for show. Each cage also had an example of a cage card, these cards were real cage cards from a previous shows. Each cage was also labelled with the birds name and sex. A informative poster along with other informative materials were also displayed, some trophies as well as or book of fancy pigeon standards was also available for the public to read through.




Sevvy de Bruin and Nando Oosthuizen

Overall public interest was great, several people stopped by to take a look at the pigeons, ask questions and admire these amazing birds. One of the conversations was a very in depth chat with fellow bird lover Kiaan Mudaly from Brain Birds Parrot Rescue; all about the intricacies of disease and treatment thereof in captive bird populations such as paramyxovirus (PMV) and trichomoniasis.

The kids love the birds, with my tame Jacobin Sydney allowing them to hold and touch the pigeons bringing keen interest from the children. It's in these moments where we are reminded of what really matters, to see the smiles, laughter and happiness the birds bring to peoples faces. Here is also where I get a chance to speak with the parents and see if they would be interested in keeping pigeons as a hobby with their children.

Another high light of the day was when fellow fanciers Nando Oosthuizen and George Kallipa stopped by at the stall to visit, we all had some fantastic conversations all about our birds and the love for the hobby. Sharing stories, ideas and more!

Overall a fantastic day was had, I look forward to hosting more of these events and exhibitions in the future to bring the spotlight back onto our amazing hobby and to hopefully encourage more people to join in and take part.





Sevvy de Bruin and George Kallipa

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## Nasionale Jeugskou Kampioenskappe, Upington, 2025!

Seppie Esterhuysen

So tref die Nasionale Jeugskou Kampioenskappe Upington soos 'n warrelwind!! Weens onvoorsiene omstandighede moes die geleentheid verskuif vanaf KZN na Upington en die Namakwaland Jeugskou kry die geleentheid om die Prestige geleentheid aan te bied vanaf 5 - 8 Oktober 2025. Tyd was nie aan hulle kant nie, maar met 'n bekwame Streeks-voorsitter, Bennie Nortjé en die Nasionale voorsitter, Maxie Pietersen, broer en suster, boorlinge langs die Oranje-rivier in die Upington omgewing, pak hulle die taak tesame met hulle bestuur aan en bied 'n uitstekende Jeugskou Kampioenskap aan wat lank onthou sal word deur oud en jonk!!!

Gedurende die Upington Landbou Expo in Mei 2025 loop Bennie my raak op die skou en vra of ons streek nie wil kom help om die Duiwe-afdeling te hanteer tydens die Kampioenskappe nie. Ek het geen kennis van Jeugskoue nie, maar ons as streek kon net nie die kans laat verby gaan om nie ons kant te bring nie. Kontak met SASV lede, Chris de Bruin en Chris van der Walt, wat al die skoue bygewoon het, het baie gehelp!! Ek en Leendert sou die taak aangepak het, maar hy was nie beskikbaar gedurende die skoutyd nie. André Nel, SANPO lid, van Upington, hy beoordeel gereeld die vliegduiwe op ons streekskoue, het saam met my die taak aangepak, ons ietwat huiwerig, maar ons leuse was "Ons gee nie kant af nie". Dit was 'n ongelooflike ondervinding

Die skougronde is die ideale plek vir so 'n kampioenskapskou, sentraal geleë, veilig met baie bome, groot grasperke, groot pawiljoen, krale onder afdakke, ruim sale, genoeg ruimte vir 400 leerlinge, beoordelaars, beamptes, besoekers en natuurlik huisvesing vir die verskillende diere!!

Die skou skop af op 5 Oktober tot 8 Oktober 2025. Die opening was 'n belewenis, Sondag namiddag om 17:00. Tipiese Kaapse weer, bewolk, koel en kort-kort sak daar 'n ligte reënbuitjie uit. Hier-en-daar was daar 'n sambreel sigbaar!!!! Die 400 leerlinge/skou-manne uit 8 provinsies, in hulle onderskeie kleredrag, begin provinsie per provinsie die pawiljoen beset. Ongeveer 2/3 vd pawiljoen word

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

deur die klomp beset tesame met hulle besture en die res deur ouers, broers, susters en die algemene publiek. Ek was lanklaas by 'n geleentheid waar alles so ordelik verloop het!!! Daar was 'n paar toesprake, elk kort en kragtig, maar vol pitkos, iets wat my altyd sal bybly!! As jou afskop goed begin, baan dit die weg vir 'n goeie geleentheid.

Maandag oggend begin die eintlike dinge, 'n teoretiese eksamen vir elke skouman in sy of haar afdeling. Die finale punt bestaan uit 'n teoretiese en praktiese punt, dit bepaal of jy onder die Top 3 in jou spesifieke afdeling val!! Die ou sê-ding van "Wie nie leer nie kom nie deur nie, wie leer kom deur, maar wie meer leer presteer" geld nog steeds!! Uiteindelik kon die rêrige skou begin, die praktiese gedeelte, naamlik skouvoorbereiding en skou.

Daar is verskeie afdelings waarin jy kan deelneem, naamlik perde, miniatuur-perde, vleisbees, suiwelbees, vleisskaap, wolskaap, melkbok, vleisbok, varke, veselbok, watervoëls, pluimvee, konyne, sierduiwe, vliegduiwe, kulinêre kuns, suiwelprodukte, afslaers, fotografie met selfoon en/of kamera, alles direk of indirek gekoppel aan Landbou. So dit is nie net vir die plaaskind nie, maar tot vir die stadsjapie. Wat my opgeval het, is die passie, motivering, dissipline, respek vir die dier, mede-skouman en volwassenes en die die klomp jong mense!!!. Volgens ouderdom is daar 3 kategorieë waarin deelgeneem word naamlik Junior-junior, Junior en Senior, seuns en dogters kompeteer teen mekaar.

Vir skou-voorbereiding van jou betrokke dier is daar klomp moets en moenies. Geskikte kleredrag, altyd netjies, 'n tas met al jou skoonmaakitems, netjies uitgepak terwyl jy jou taak verrig, netjiese werksarea en 'n rustige atmosfeer terwyl jy met jou dier werk. Sommige diere se hele lyf word gewas, die kloue word geskrop en geskuur, jyself moet skoon bly. Daardie groot bulle word gewas van sy kroontjie tot sy toontjie. Orals was werkstasies aangebring vir al die take. Die ringbemptes sorg dat alles glad verloop sodat die beoordelaar rustig sy evaluering kan doen.

Dinsdag was skou-tyd, jy en jou dier in die ring saam met jou mede skou-manne!!! Konsentrasie, goeie samewerking tussen jou en jou dier, bevele word gegee, jy en jou dier moet dit uitvoer. Hoe rustiger jy, hoe rustiger jou dier, hoe minder foute maak julle. Soms het die trane geloop, Blommetjie is effens steeks, so leer jy van jongs af, alles loop nooit seepglad nie!!! Na al die spanning sokkie die klomp die aand dat die stof staan op die skouterrein.

Woensdag was dit hoofsaaklik groepwerk. 3 skou-manne, elk met 'n dier wat saam deel neem, hier tel spanwerk, almal reageer saam, regte afstand tussen diere, dit kos vasbyt en dissipline.

Op die pluimvee, duiwe en konyne afdeling, alles op 'n kleiner skaal, maar die passie, kennis en prakties kennis nogsteeds van toepassing. Drie afdelings naamlik 'n teoretiese eksamen, voorbereiding vir die skou en die skou self. Elke skou-man het 'n Handleiding van bv die Sierduif of Wedvlugduif voor die tyd ontvang, hieroor moes jy eksamen skryf. Die skou-man het al op provinsiale vlak die fynere kuns van skou-voorbereiding bemeester asook hoe om sy duif te skou en natuurlik hy/sy moes die skoustandaard van sy ras KEN!! Die kwaliteit van jou ras was nie deurslaggewend nie, maar of jy jou duif se swak en goeie punt kon uitwys tydens skou. Die skou-manne met die meer ondervinding tov praktiese hantering en skou van duiwe was opvallend. Die skou-manne se kennis van sy ras het ons verbaas en natuurlik die passie vir sy ras. Daar was 'n Mookee, Brunner, ASR, OGO en vliegduif. Die Sierduiwe en die Wedvlugduiwe skou in 2 aparte klasse. Daar was ongelukkig min duiwe agv onttrekkings. Enige ouer wat my sal vra of my kind moet deelnaam aan 'n Jeugskou, sal my antwoord JA wees. Die kind leer soveel ander dinge by wat 'n bydrae maak tot 'n gebalanseerde individu in die samelewing.

In die Sierduifafdeling was 4 van die 5 senior skou-manne lid van die SASV nl Suzette Abbun, VS: Keane Goliath, WP: Janco Geldenhuys, WP en PB Marais, NVS. In die Sierduifklas het die 5 mekaar gas gegee.

Die Top 3 kandidate  as volg:
1: Suzette Abbink
2. PB Marais
3. Keane Goliath
Die 3 was waardige wenners!!

In die Wedvlugafdeling was daar  slegs 1 junior en 1 senior. William Hewitt, senior, het reeds met Shaun van NVDV kontak gemaak om aan te sluit by die SASV, hy wil ook graag met sierduiwe begin, baie passievol, aanwins vir jul junior-groep. Die junior persoon, Isago Morang, behoort aan geen klub, maar stel belang in duiwe.

Hierdie was 'n ongelooflike ondervinding, kontak met jong mense wat in diere belangstel en ook jou passie deel of wie se passie soms groter as jou eie is, is 'n voorreg.



*William Hewitt en Isago Morang, wenners van die Vliegduifklas, Snr en Jnr, saam met Andrè Nel.*




*Deelnemers aan die Sierduif- en Vliegduifklas saam met die beoordelaars Andrè Nel en Seppie Esterhuysen.*

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/  Cell: Cell: 061 661 7420
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



*Suzette Abbink, wenner van die Sierduifklas, saam met Seppie Esterhuysen.*



*PB Marais, algehele wenner van die Sierduifklas, skou voorbereiding en skou, saam met Seppie Esterhuysen.*




President: Johan Nel
Email: johan_nel@bat.com
Sel: 082 474 4088

Sekretaris: Dawie vd Heever
E-mail: dawievdh@telkomsa.net
Sel: 079 918 0433

*Augustus 2025*



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

# Uil & StrikduifKlub

***Spesialiteitsklub vir:***

***Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)***

**President : Shaun Smeda - 072 190 0345**
**Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496**
**leendert270@gmail.com**

***Augustus 2025***

# Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub



President: At van Jaarsveld
e-mail: atvanjaarsveld@gmail.com
Sel: 072-368-1214

Sekretaris: Jay-Dee Conradie
e-mail: jdconradie82@gmail.com
Sel: 0810417950

***Augustus 2025***



sluit aan by ons...

SA FANTAIL CLUB
WAAIERSTERTKLUB

# Kontak:

Danie
Sel: 072 585 4028

Abraham
Sel: 071 600 1990

***Augustus 2025***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell:061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

# Bankovs and Manie Fourie Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R1000 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R1000 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

1. **Book of Standards R300 each**
2. **SAFPA ties (Navy blue) R120 each**
3. **SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**
4. **SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
5. **SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
6. **Metal Member & Judges scrolls R50 each**
7. **National pocket badges (Green) R70 each**
8. **National Honour scrolls (Green) R30 each**
9. **National Ties (Green) Contact Ringmaster**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

## Score board

**Bank OFS Shield**

| | |
|---|---|
| 1. North-of-the-Vaal: | 1550 |

**Manie Fourie Trophy**

| | |
|---|---|
| 1. Eastern Region: | 1124 |
| 2. Northern Freestate: | 1054 |
| 3. Freestate: | 452 |
| 4. South Western Districts: | 450 |
| 5. Western Transvaal: | 300 |
| 6. Northern Cape: | 150 |
| 7. Eastern Province: | 0 |
| 8. KwaZulu-Natal: | 0 |
| 9. Western Cape: | 0 |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Suid-Afrikaanse Homer Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Huidiglik vakant

Augustus 2025

